

Om in geloof grond te koop, wanneer alles verlore lyk

Die profesieë oor die val van Jerusalem gaan in vervulling. Jeremia was in die paleis van koning Sedekia ingeperk, omdat hy God se oordeel oor hom en sy ryk aangekondig het. Toe kry hy die opdrag van die Here: Koop grond in Anatot.

Vir enige verantwoordelike persoon, wat mooi na sy beleggings en geldsake kyk, sou hierdie opdrag absurd klink. Waarom nou belê in 'n land wat deur die vyand vernietig gaan word? Tog doen Jeremia dit. Die transaksie word afgehandel, volgens die wetlike ooreenkomste van daardie tyd. Hy betaal en ontvang 'n kontrak dat die grond sy eiendom word.

Jeremia se optrede is profeties, dit gryp in die geloof na die toekoms. Die kontrak word in 'n kleipot gesit, veilig vir 'n lang tyd, waartydens hy nie die grond sou kon bewoon nie. Jeremia doen wat die Here vra, maar tog kon hy nie die weë van die Almagtige verklaar nie. Daarom bid hy en vra na die sin van hierdie eienaardige opdrag. In die middelpunt van die gebed en die antwoord van die Here staan die stelling: Is iets vir my onmoontlik? (32:27). God antwoord sy dienskneg uit sy posisie as Regter, maar ook Verlosser. Hy het die reg om sy volk te straf. Hulle staan skuldig aan ongehoorsaamheid. Afgodsdienste, selfs offers van hulle kinders aan Molek, is verrig. Daarom sou Jerusalem, die land en volk, deur sy heilige toorn getref word.

Maar Hy is ook genadig, die Verlosser. Sy volk sou weer teruggebring word na hulle land (32:44). Waarom? Om die eer van sy Naam. Omdat Hy wil goed doen. Om goed te doen teenoor sy volk, dwing gesag af, selfs by die heidene (33:9). Hy is die HERE, wat getrou bly aan sy verbond, selfs al sou sy volk ontrou word.

Vertrou jy so op God dat jy teen die negatiewe tekens van die tye in steeds gehoorsaam sal bly? Die Here Jesus se koms sal voorafgegaan word deur verskriklike oordele. Ook gelowiges sal daaronder ly. Hoe moet ons optree, as dit lyk of die wêreld vergaan? Bly gehoorsaam aan Hom, al lyk dit dwaas vir menslike logika. Die verlossingsdag is seker.

Sing: Psalm 25-1:7 (1936)

Dr WC Opperman (Windhoek-Suid)